# PSALM 119

D                   G
1. Salig wie in hul opregtheid
     D                   A
wandel in Yahweh se wet,
D                           G
wie Hom soek van ganser harte
D      A           D
en op Sy getui'nis let.
A                        D
Salig dié wat in hul wandel
    G     D          A
nie op onregspaaie gaan,
D                       G
maar wil wandel op die weë
D      A             D
in Sy wet vir hul gebaan.

D                      G
2. As ek Yahweh's wet wat billik,
    D                      A
reg en waar is, maar kan leer,
D                       G
dan word U van ganser harte
D     A               D
en opreg deur my geëer.
A                             D
Ek loof Yahweh, want regverdig
   G    D              A
is U regte, woord en daad.
D                       G
Wil dan nimmer my verlaat nie
D       A            D
wat U wet nie wil verlaat.

D                       G
3. Hoe sal in sy jeug die jong'ling,
      D                 A
gou deur ydelheid bekoor,
D                     G
rein kan wandel in sy weë?
D       A            D
As hy wandel in U spoor!
A                       D
U soek ek van ganser harte.
     G         D          A
Yahweh, hou my hande vas,
D                         G
dat ek van U spoor nie dwaal nie
D      A                  D
en die kwaad my nie verras.

```
    D                     G
4.  Daarom sluit ek al U woorde
       D                  A
    in my hart sorgvuldig in,
    D                      G
    dat ek nie teen U sou sondig
    D     A           D
    en te minder U bemin.
    A                      D
    God, Yahweh, U is lofwaardig!
          G      D       A
    Leer my tog U regte wél.
    D                    G
    Met my lippe sal ek wysheid
    D      A           D
    van U wet alom vertel.
```